KRANSPOORT EIENAARSKOMITEE OMGEWINGSAKE
(Fauna & Flora) BESTUURSPLAN
Opdatering: 7 November 2017

INHOUD

1. Visie
2. Oogmerke
3. Kritiese prestasie areas
    a. Wild bestuur
    b. Veld bestuur
    c. Toeganklikheid
    d. Volhoubaarheid

VISIE

Kranspoort Dorp as 'n model natuur reservaat te vestig en uit te brei met 'n ekologiese habitat wat deur inwoners en besoekers waardeer kan word.

OOGMERKE

1. Om die medium- en kleinwild soorte op Kranspoort so te bestuur dat die getalle, gesondheid en kondisie van die diere die spesies 'n eer aan doen

2. Om die aantal spesies op Kranspoort op die langer termyn verantwoordelik uit te brei en aan te vul

3. Om die veld op Kranspoort optimaal te benut ter ondersteuning van bogenoemde oogmerke

4. Om die veld en omgewing toeganklik te maak vir natuur liefhebbers sonder om skade aan die habitat aan te rig

5. Om die veiligheid van die inwoners, wild en natuurlewe en besoekers te verseker

WILD BESTUUR

1. Voeding
    a. Water
        i. Herstel dam by Jopie se Pos
        ii. Ondersoek gronddam by Gerrit se Braaiplek

b. Natuurlike weiding
c. Aanvullende voeding
    i. Aankoop van lusern vir wintervoeding program
d. Ontwikkel en implementeer voedingskema met gemeenskap - Desember 2017

2. Gesondheid
    a. Bosluis beheer
        i. Verseker dat die Duncan Applicators en rolbakke gereeld en behoorlik gediens word - per register 1 maal per week geinspekteur en gediens

3. Getalle beheer
    a. Sensus
        i. Register – getalle en spesies

Die getalle van die hoof wild groepe - Rooibok, Koedoe, Zebra, Blouwildebees en Kameelperd moet dringend verminder word ten einde die las op die huidige weidings toestande te verlig. Die ekologiese evaluering gedoen deur EKOFOCUS gedurende 2013 moet as n riglyn en ondersteunings dokument dien vir die vermindering van wild.
Getalle wat verminder moet word voor einde September 2018 is:

Koedoe - verwyder 4 bulle 2 draai en meer, 8 bulle 18 maande tot 2 jaar oud, 10 ouer koeie voor einde September 2018. Bestuur M/V tot 20/80%
Oogmerk op die veld = 80.

Rooibok - verwyder alle ouer ooie wat duidelik in 'n swak kondisie is, alle volwasse ramme (±30) en knypkoppe 1-2 jaar voor einde April 2018. Huidige penkoppe moet verwyder word voor einde April 2019. Koop 5 nuwe ramme voor einde Februarie 2018. Moet gereed wees vir 2018 teel seisoen. Bestuur M/V tot 15/85%
Oogmerk op die veld = 250

Kameelperd - verwyder 1 bul gedurende 2018 en afhangend van aanwas nog 'n bul gedurende 2019. Verspreiding November 2017 is 3V 4M (1kalf)
Oogmerk op die veld = 7

Blouwildebees - verwyder 1 bul gedurende 2018. Bestuur aanwas tot 2019 en beperk tot oogmerk
Oogmerk = 30

Zebra - verwyder 15 diere voor einde September 2018 en bepaal oorwig van geslag. Bestuur oogmerk in 2019

Oogmerk op die veld = 20 - 30

ii. Helikopter opname
Voor einde September 2018 tesame met DRONE eksperiment

b. Wildvang
   i. Boma - passiewe boma in die gruisgat area

c. Skiet
   i. Jag vrystelling
   ii. Jag van trofeediere teen hoër pryse

4. Spesie verreiking
   a. Gene uitbreiding
      i. Rooibok - aankoop van 5 ramme nadat ou ramme verwyder is soos per punt 3A

   b. Nuwe spesies
      i. Ondersoek die moontlikheid vir die vestiging van ander spesies soos per die voorgestelde wildeienaarskema.

5. Probleem diere
   a. Ystervark beheer - monitor deurlopend en neem aksie indien nodig.
   b. Bobbejane - monitor deurlopend en neem aksie indien nodig.
   c. Bosvark - monitor deurlopend en neem aksie indien nodig.

<u>VELD BESTUUR</u>

a) Bome
   i. Aanplant van bome op plato en in park areas.
   ii. Ondersoek uitdunning van Populierbosse, Black Wattlebome, Jakarandas, Australiese Silwereik, Sandolien en Bloekombome.

b) Struikagtige plantegroei

c) Grasse
Voortdurende vestiging van geskikte gras op hoë weidingsareas. Die gras kan gesaai word in beskermde gebiede (onder en om boomstompe) en verspreiding moet gemonitor word.

d) Indringer plante
   i. Voëlent bestryding en benutting.
Die gereëlde verwydering van voëlent vanaf bome wat in publieke sig is en waar Koedoes en Kameelperde dit nie kan bewei nie.
   ii. Harpuisbos uitdunning moet deurentyd aandag kry.
   iii. Turksvybosse moet gereeld gekap word. (6 maandeliks)

e) Weiding
   a. Brand
      Ondersoek blokbrande vir teen einde Julie 2018
   b. Stel 'n kaart saam wat blokbrande per jaar/seisoen aandui

f) Drakrag
   a. Grasvreters
   b. Blaarvreters

TOEGANKLIKHEID

1. Staproetes
   Verseker dat alle staproetes behoorlik geidentifiseer en gemerk is - 6 weekliks
   Verseker dat 'n behoorlike en net register op datum gehou word van stappers wat die roetes gebruik

2. Veldwagters
   a. Verhoog die veldwagter getalle - gee 'n kenteken aan veldwagters - pet/hemp/lapel wapen - einde Februarie 2018

3. Ry-roetes
   Opgradering van Vaalkop 4X4 en Plato 4X4 roetes

   Uitkyk punte - vestig 'n uitkykpunt bo-op Vaalkop en rus toe met beton tafel, banke en dak.

   a. Fotografie
      - Skep geleentheid vir fotograwe
   b. Wild waarneem
   c. Voëlkyk ekskursies
      - stig navorsingsgroep

5. Brandpaaie

VOLHOUBAARHEID

1. Patroleer omheining per skedule en teken afwykings aan in register.
2. Instandhouding
   - behandel met Rust Invertor en verf
3. Moniteringspunte
   - Installeer sekerheidskameras op heining
   - Fokus op die bedryf van moniteringspunte vir die fotografiese waarneming van veldtoestande. Die punte moet 3 maandeliks bedien word, ontleed en op rekord geplaas word. Die 5 moniteringspunte word opgerig soos aangedui op die onderstaande kaart.



1. S25°25.522' E29°26.513'
   LAT 25.42536 LONG29.44188

2. S25°25.156' E29°26.940'
   LAT 25.41927 LONG29.44900

3. S25°24.601' E29°27.000'
   LAT 25.41002 LONG29.45000

4. S25°25.410' E29°25.128'
   LAT 25.42351 LONG29.41880

5. S25°24.897' E29°25.176'
   LAT 25.41494 LONG29.41960